

DIE WAPAD



STUDENTEBLAD
van die
P.U. vir C.H.O.

DEEL XII.

Donderdag 2 Mei 1957.

No. 5.

A. S. B. gaan nuwe fase binne. *Geslaagde kongres te Stellenbosch.*

Tans skyn dit asof die lede van die A.S.B. voel dat die organisasie lank genoeg besig was om homself te oriënteer, organiseer en te konsolideer en dat die tyd vir groter aksie aangebreek het. Ten spyte van geskille wat opgeduik het op die kongres, staan die A.S.B. heg op sy Christelik-nasionale grondslag en dien voortreflik as verteenwoordigende liggaam van die Afrikaanse studente.

Ongeveer 250 afgevaardigdes het die kongres, fakulteitskonferensies en kunsfees bygewoon. 'n Tipiese studentegeselskap het geheers en die persoonlike kontak wat gemaak is met die studente van die verskillende inrigtings, kan van onskatbare waarde wees.

KONGRES:

Mobilisasie:

Wanneer gesê word dat die kongres in die teken van mobilisasie gestaan het, sou dit nie verkeerd wees nie. 'n Groot gedeelte van die besprekings het gegaan oor metodes wat aangewend kan word om meer aksie uit die Bond te laat voortkom. Onder andere is besluit om voort te gaan om pogings aan te wend om sitting op die I.S.C. te verkry. Ook sal saamtrekke tussen verskillende takke georganiseer word en 'n tikster deelyds in diens geneem word ten einde die Sekretaris in staat te stel om hom voltyds aan die A.S.B. te wy. Metodes wat aangewend kan word vir die insameling van fondse vir die A.S.B. is bespreek (want gebrek aan geld bly een van die mees belemmerende faktore in die uitvoering van die planne van die A.S.B.). Hierdie strewe na groter aksie het ook tot uiting gekom op die kongres besluit dat die Bond hom positief gaan beywer vir 'n republiek in S.A. Verder is besluit dat die regering gesteun moet word in sy daarstelling van afsonderlike universiteitsgeriewe vir nie-blankes. Hopelik sal ook aandag gegee word aan hoe om die fakulteitskonferensies meer suksesvol te kan maak. Die Hoofbestuur sal ingaan op verdere maniere hoe om die A.S.B. te mobiliseer.

Besoekers:

Mnr. Harry Brinkman (Voorsitter van die Nederlandse Studenteraad) en dr. Johan Fleerackers (Voorsitter van die Vereniging vir Vlaamse studente) het die kongres as besoekers bygewoon.

en kon dikwels positiewe wenke aan die hand doen by besprekings. Mnr. Prinsloo van Wits het die probleme en stryd van die Afrikaanse student aan die Engelsesinde universiteite aan die kongresgangers gestel. Ook mnr. Geo. Golding, 'n kleurlingleier, het 'n insiggewende lesing voor die kongresgangers gehou.

Kongrestema:

Verskillende inspirerende en insiggewende besprekings oor verskillende aspekte van die verhouding van die Afrikaner en die Buiteland, is gehou. Weens gebrek aan tyd kon aan die belangrike tema egter nie reg geskied nie. Hopelik sal die lesing onder die takke gesirkuleer word.

Hoofbestuur:

Aan mnr. Johan van der Vyver wat herkies is tot President van die A.S.B., ons hartlikste gelukwensinge en ook sterkte vir wat voorlê. Mnr. F. W. de Klerk is ook verkies op die Hoofbestuur. Hartlik geluk.

KUNSFEEES

Op die kunsfees wat gelyktydig met die kongres te Stellenbosch plaasgevind het was die Puk. vanjaar besonder goed verteenwoordig. Hoewel 'n baie hoë standaard gehandhaaf is, het ons studente hulle plek deeglik volgestaan. Met die grootste vrymoedigheid kan ons dus sê: „Geluk met julle prestasies, Pukke.”

THALIA:

Hierdie vereniging was vanjaar besonder aktief tydens die kunsfees en het dan ook gesorg vir die grootste getal inskrywings vanaf hierdie universiteit.

Vir die eerste keer in die geskiedenis van die A.S.B. kunsfees is 'n Engelse drama ingeskryf en wel vanjaar deur Thalia. „Sunset in September” is volgens die kritiek 'n stuk met baie tegniese probleme, en tog is gevoel dat redelike sukses daarmee behaal is.

Met die Afrikaanse drama, „Die Bitter Pad”, was Thalia nie baie suksesvol nie. Die standaard was besonder hoog: ons dink hier veral aan die Normaalkollege van Pretoria wie se spel kop en skouers bo die van die ander uitgestaan het.

Die tyd het aangebreek dat Thalia moet begin aandag gee aan deeglike, en indien moontlik, gekwalifiseerde afriktiging. Die talent het ons wel, maar dit moet nog ontwikkel word en dan kan hoë gehalte toneelspel bereik word.

Die voordragkunstenars het egter baie meer sukses gehad. Ook hier is die eise besonder hoog gestel. Die minimum persentasie om 'n plek te behaal is byvoorbeeld op 80% gestel.

In die afdeling **VOORDRAGTE** is die eerste plekke deur Bets Coetzee en Thos Liebenberg verower. Met die **DRAMATIESE VOORDRAGTE** is die tweede plek gedeel deur Thos Liebenberg en Andries Myburg. Maar ook Peet Malan het sy merk gemaak (Vervolg op bladsy 5.)



Mnr. J. D. van der Vyver.



Mnr. F. W. de Klerk.

W. J. SPAVINS & SEUN

vir alle

Elektriese Benodighede

KOELKASTE • RADIO'S

Kerkstraat 101 — Potchefstroom.

Telefoon 185.

DAMES!!

Kom koop al u benodighede hier op die BUL1

teen baie redelike pryse.

OOK ALLE TOILETWARE.

Kom besigtig ons nuwe WINTERVOORRAAD

CACHET MODES (EDMS.) BPK.

TOMSTRAAT 92 — FOON 1389.

POTCHEFSTROOM

MALAN MEUBILEERDERS

S.A.N.L.A.M.-GEBOU, WINKEL NR. 3,

POTCHEFSTROOM.

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS”!**S.A.N.L.A.M.**

Word verteenwoordig deur

MNR. VENTER,

Tomstraat 63 — Telefoon 1247,

POTCHEFSTROOM

Vir al u Assuransiepolisse en Versekerings.

G. H. Juweliers

Kerkstraat 129.

Herstelwerk Deskundige

Horlosiemaker en Juwelier

PUKKIES!!SPAAR JULLE ENERGIE
VIR GROTER DINGE
BESOEK:**KOLLEGE****ON VIR: PUKKIES!!**

T VIR:

- TOILETWARE
- SKOONHEIDS-
MIDDELE
- SKRYFBEHOEFTE
- VULPENNE
- HORLOSIES
- EETWARE en alle
- STUDENTE-
BENODIGHEDE.

Hierdie is die winkel
waarna julle al jarelank
smag.

H/v Tom- en von Wiellighstrate.

Central News Agency

Ltd.



Ons Voorsien in alle Univer-
siteitsboeke, skryfbehoeftes,
Plaaslike en Oorsese
Tydskrifte en
Koerante.

Kerkstraat 139, — Telefoon 114
POTCHEFSTROOM**PRESIDENT CAFE**

and

GRAND CAFE

FOR:

- SWEETS,
- GRILLS
- and
- COOLDRINKS

LOOK & KEENEY**Kleremakers**

Calderbanksgebou,

Kerkstraat 150 — Telefoon 855.

POTCHEFSTROOM.

Drink **S & S** en Geniet

DIE BESTE

SUPER ORANGE

TING-A-LING

PEP-A-DILLA

TOP HAT

SHERR & SHAKINOVSKY

POTCH. MINERAL WATER

FACTORY

Phones 16 & 1144 P.O. Box 134

MOOIRIVIER-**APTEEK**

Kerkstraat 205,

POTCHEFSTROOM

Telefoon 380

Die Apteek vir Diens!!**ALF CURADO**

(VOORHEEN VAN BEYERS CLAASSEN)

maak met genoeë bekend dat hy nou sy eie fotografiese
ateljee**ALF'S STUDIOS**

KERKSTRAAT 92 (Langs die Grand-teater)

geopen het ten einde hom in staat te stel om te spesi-
seer in hoogstaande huweliks- en groep-portretwerk en
kinderstudies.'N SPESIALE ONTWIKKELING- en AFDRUK-
DIENS (Aflowering binne agt uur)word ook vir die gerief van amateur-fotograwe aange-
bied. Ontvang nog dieselfde dag as dit voor 10 vm.
ingegee word.**As u met net die beste tevrede is, kom
gerus na ons toe.**

Die Wapad

Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.

HOE STUDEER ONS ?

Die antwoord op bostaande vraag is: swak. Daar is natuurlik uitsonderings, maar die deursnee-Suid-Afrikaanse student het nie 'n duidelike besef van wat hom as student verwag word en hoe om dit uit te voer nie.

Telkens kom die oproep tot ons: studeer hard en wees alleen tevrede by die verwerwing van kennis so wyd en wel-deurvors moontlik. Met Gradedag verlede jaar het min. Jan de Klerk dit genoem; met sy besoek aan die P.U. het die Eerste Minister dit beklemtoon; onlangs het 'n groep leiers onder die Afrikaanse studente die voorreg gehad om uit die mond van 'n Kleurling te hoor: ons is nie ontevrede omdat ons aan die gemengde universiteite nie in dieselfde sportspanne mag speel as die blankes nie. want ons het nie tyd vir sport nie—daar is 'n groter taak wat wag 'n Vooraanstaande persoon in die V.S.A. het verklaar dat die groot gevaar van Rusland nie skuil in sy honderd-miljoene mense nie, maar in die 70.000 ingenieurs, skeikundiges, fisici en ander wetenskaplikes wat jaarliks met die hoogste kwalifikasies hul universiteite verlaat.

Gesien teen hierdie agtergrond, asook die kritieke posisie waarin ons land verkeer a.g.v. die kleurvraagstuk, wil ons hier pleit vir 'n gees van groter toewyding met betrekking tot ons studies.

Wanneer ons sing:

„Op jou roep sê ons nooit nee nie,
„Sê ons altyd, altyd ja!”

dink ons nie altyd aan die inhoud van daardie woorde nie. Wat ons land vandag om smee, is soveel wetenskaplikes (geneem in die breë sin van die woord: alle studente) en spesialiste as wat uit ons universiteite kan voortkom. Die wedloop om getalle het ons lankal verloor en die wedloop om gehalte kan ons ook verloor indien die student van vandag nie onder indruk kom van sy taak teenoor sy land in nood nie.

In die huidige toestand hoor ons steeds die verskoning: „Ja, maar my studenteaktiwiteite laat my nie toe om my plig teenoor my studies ten volle na te kom nie”. Dan word vergeet dat die eerste studenteaktiwiteit is om te studeer. Wanneer dit waarlik die geval is dat die studentelewe en sy verpligtinge die studies in die wiele ry nadat die deelname aan studentelewe tot bv. twee verenigings beperk is, is die enigste moontlikheid om studentelewe met sy aktiwiteite links te laat lê.

Argumente soos: „Die gees sal weg wees as ons heeldag met die neus in die boeke sit;” „Jou studentedae is die lekkerste dae van jou lewe—geniet dit;” en ander gelykluidende verskonings sal gehoor word. Hierteenoor moet ons weer antwoord: indien meer intensiewe studie sal meebring dat ons studentegees sal verdwyn, (ek glo nie dat dit sal gebeur nie) en dat baie van die aangename dingetjies van studentedae skade sal ly, moet dit maar gebeur. Opofferings ten opsigte van—en indien nodig prys-gawe van—studentelewe, is maar die minste wat van ons studente verwag kan word.

Daarom: laat ons studeer soos 'n student behoort: met volle toewyding. So sal ons onself, ons vaderland en ons God die beste dien.

Gordenking

DIE BRUILOF IS GEREED, MAAR

Teks: Mat. 22:8. „Daarop sê hy vir sy diensknegte: Die bruihof is wel gereed maar die genooies was dit nie werd nie.”

Die bruihof is gereed. Elke blommetjie liefdevol gerangskik. Elke geregjie keurig berei. Elke gas uitgenooi. Niks skort nie. Alles is klaar. Die bruihof is gereed.

Die bruidspaar nader die feessaal. Vol verwagting. Dis hulle dag. Op die drumpel huiwer hulle 'n oomblik—Hulle tree binne.

Die saal is leeg.

Nie een gas het opgedaag nie. Geen dierbare broer of suster nie; geen vriend of familieleden nie. Net leë stoele.

So iets klink byna onmoontlik, nie waar nie? En tog—dit het gebeur—met Jesus Christus.

Sy bruihof was gereed. Die bruihof wat die vervloekte mens met wie God niks te doen wou gehad het nie, weer uitnoodi om te kom aansit—aan die hemelse bruihofsmaal van Jesus Christus en God die Vader.

Die bruihof was gereed. Dit het duur gekos. Jesus moes met Sy lewenslyn afdaal na die diepste dieptes van verdriet om daarvoor te betaal. Hy is deur Sy Vader verwerp soos 'n afskuwelike uitspruitsel. En toe eers was Sy bruihof gereed en kon Hy Sy gaste nooi.

Die bruihof was gereed, maar niemand het opgedaag nie. Geen Fariseër

of Sadduseer nie. Die hoëproester en sy volk het die bruihofsfees van Jesus Christus nie die moeite werd geag nie. Hulle was dit nie werd nie. Daarom het hulle die bruihof van Jesus nie die moeite werd geag nie. Daarom het Jesus Sy dissipels beveel en gesê: „Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies”, dat hulle kan kom aansit aan my bruihofsfees en 'n allesoortreffende ewige gereg van heerlikheid kan ontvang.

Die bruihof van Jesus is nog steeds gereed. Dit wag. Niks skort nie. Alles is klaar. En as Sy dissipels al die gaste vergader het uit al die nasies, dan begin die fees. Maar nou wag dit nog. Al die gaste is nog nie daar nie. Maar die dag sal aanbreek dat daar nie meer eers leë stoele is nie. Dan begin die fees. Daarom is die geraas van hulle wat teen sending is soos die skuim van die see—dit slaan magteloos te pletter teen die bruihof van Jesus—wat gereed is en wat wag. Daarom is hulle wat teen sending is soos die Fariseërs en die Sadduseërs: Hulle wil Jesus se bruihofsfees verhoed om te begin want hulle weier om al die gaste bymekaar te maak—vir die bruihof van Jesus wat gereed is en—wat wag.

J. L. Aucamp.

REDAKSIE VAN „DIE BESEMBOS” 1956—57.

Handelswetenskappe (Mej.) M. Willemse.
Kuns en musiek P. Snyman.
Letterkunde en geskiedenis (Mej.) F. M. Strydom.
Natuurwetenskappe (en Sekr.) P. G. Thiel.
Opvoedkunde D. H. Steenberg.
Proefleser E. J. Smit.
Regswetenskappe J. L. Venter.
Sakebestuurder A. B. Prollius.
Sosiale wetenskappe (Mej.) E. R. Boosens.
Teologie H. G. Kruger.
Varia (Mej.) H. E. Dekker.
Wysbegeerte W. J. van der Westhuizen.

REDAKSIE

Hoofredakteur: D. C. Coetsee; Onder-Hoofredakteur: A. Myburg; Nuus: F. J. du T. Lessing, H. Dykstra, Mej. M. Willemsse; Kuns: Mej. R. Dekker, J. B. du Plessis; Sport: P. Rieker, Mej. R. Bruyns; Varia: I. van der Walt, J. A. du Plessis, Mej. B. van Kooy; Aflos: Mej. L. Heslinga; Fotograaf: C. Harrington.

ADMINISTRASIE

D. Yssel (Sakebestuurder); J. B. W. le Roux (Advertensiebestuurder); Mejj. C. Kruger, E. M. Kruger, A. Davel, Mnre. E. J. de Villiers, E. Howaldt, W. J. van der Merwe, J. P. Marais, L. J. Swart, R. G. P. Vorster, A. J. Pretorius.

Die Naturellevraagstuk in verlede en toekoms.

Dr. H. Verwoerd met Gradedag; A.C.B.-Kongres.

Sal daar in die jaar 2000 nog 'n Afrikanervolk bestaan? 'n Bevestiging van hierdie vraag, sal volgens dr. H. F. Verwoerd, Minister van Naturellesake, die volledige samewerking van die akademiese geskooldes van die Suid-Afrikaanse universiteite verg!

'n Krisistoestand staan voor die deur, die tyd is daar dat die blanke sy houding jeens die Bantoe grondig moet hersien, is die mening van Prof. L. J. du Plessis, ds. Hugo du Plessis, prof. dr. J. H. Coetzee en ds. Benoni Duvenhage.

GRADEDAG EN A.C.B.-KONGRES:

Tydens gradedag, gehou op Saterdag, 13 April op die Olën-sportterrein, het Sy edele, die minister van Naturellesake as geleentheidspreker opgetree. In hierdie hoedanigheid het dr. Verwoerd die 248 graduandi toegesprek oor hulle houding jeens die vraagstukke van die land en wel in besonder die naturellevraagstuk.

Die tema wat op die A.C.B.-kongres, in die Totiusgedenksaal tydens die kort vakansie, behandel is, naamlik; „Is die Kleurvraagstuk besig om vanjaar in 'n krisis te ontwikkel?“ bied ons die geleentheid om die vraagstuk te beskou vanuit die beginselstandpunt van ons Universiteit.

DIE TRADISIES VAN DIE VERLEDE:

Die geskiedenis van die Afrikanervolk gedurende die jare van 1870 tot 1920 is 'n „worsteltydperk“. In so'n worsteltyd het die volk die leiding, hulp en steun van sy leiers nodig! Sommige leiers het hulle rug toe op die volk gekeer en die vreemde hoër geag, maar ander leiers het saam met die volk deur die woestyn getrek en die volk gelei tot staatkundige, kerklike, ekonomiese—tot geskiedkundige triomfe. Die tradisie van die verlede is die leuse van die hede en die toekoms, en hierdie leuse sluit die voortbou in: Die akademiese geskooldes moet onder die volk arbei en steeds kom met nuwe bydraes! In die komende „worsteltydperk“ sal die jeug van vandag die leiers wees, onder hulle sal ook diegene wees wat nie hulle rug op die volk sal keer nie. „Eendrag maak mag“, eendrag van almal (die akademiese geskooldes veral), sal bepaal of die Christelike blanke beskawing hier in Suid-Afrika gaan verdwyn of voortbestaan.

BANTOENASIONALISME:

Die, aan almal bekende, jongste ontwikkeling op die Bantoe-front is in kiem die openbaring en voorbereiding tot Bantoenasionalisme. Die verenigde wêreldfront eis die vryheid van die

nie-blanke. Die Bantoe ontwikkel in die rigting van die eis tot selfregering, selfbeskikking en volkome onafhanklikheid. Die blanke moet homself nie bedrieg, deur met die smalende lag van die moeilikheid van 'n „eie-Bantoe-self-regering“ as 'n illusie te beskou nie! Let maar op, hoe georganiseerd hulle is, hoe hulle 'n eenheidsfront openbaar—die busboikot!

WÊRELDHOUDING—EN ONS . . . ?

Die groot wêreldmagte, met Amerika en Rusland aan die spits, wedywer om die hand van die nie-blanke. Moet ons ons beginsels prysgee, toekyk of ? Die wêreld eis die vryheid van die nie-blanke en vanuit ons eie beginsels beskou kan ons niks teen hierdie eis inbring nie. Op grond van die standpunt van nasionalisme is ons moreel verplig om die nie-blanke sy vryheid, sy selfstandigheid te belowe, vóórdat een van die wêreldmagte iets kan bereik. Prof. L. J. du Plessis het in hoofsaak gekonkludeer: „Belowe en strewe vir vryheid van die nie-blanke“, want fisies en moreel staan ons volk magteloos teenoor die eis!

GESINDHEID VAN DIE BLANKE:

Die gesindheid van die blanke jeens die naturel beïnvloed die naturellevraagstuk in hoë mate. Ds. Hugo du Plessis het dit beklemtoon dat 'n goeie blanke sowel as 'n goeie nie-blanke-Christendom noodsaaklik is.

Die tradisionele Afrikaanse opvatting oor die probleem is dat blank en

nie-blank nie vermeng moet word nie. Maar dit is tog duidelik dat vermenging nie gelyk is aan samewerking nie! Die nie-blanke is gewillig tot samewerking as hulle sien dat die blanke besiel is met die regte gees—streef vir hulle afhanklikheid op alle gebiede. Die blanke moet besef dat die probleem 'n gemeenskaplike probleem is. Wanneer daar 'n goeie (beter) verhouding tussen blank en nie-blank bestaan, hoef ons nie te vrees vir die toekoms nie die toekoms is in Gods hand.

EN NOU?

Dis 'n warboel van gegewens, teenstrydig met die tradisie . . . en nog vele ander besware sal u opper! Dit is ons oortuiging dat die toesprake van dr. Verwoerd, Prof. L. J. du Plessis en genoemde andere, in der waarheid 'n hegte eenheid vorm, wat tog verskil van persoon tot persoon met betrekking tot wyse van benadering en aksentuering.

Prof. Coetzee wys ons opsommend in 'n rigting: „Apartheid in die sin van 'n durende horisontale skeiding met die blanke bo en die Bantoe onder die skeidingslyn is prakties al minder houdbaar in benadering en in praktyk moet ons oorslaan na 'n toestand waarin die skeidingslyn 'n vertikale sal wees,“ d.w.s. die naturel moet langs ons staan vry en onafhanklik in plaas van „in die kombuis“.

Gaan u in die toekoms onder die volk arbei en steeds kom met nuwe bydraes?!

CORNER FRUIT STORE



„U KEN ONS!“

J. HEIDEMA

Kerkstraat (teenoor Geref. Kerk.)

✱ ✱ ✱

Vir FIETSE.

Vir ZÜNDAPP Motorfiets.

Zündapp model KS 601 £348

Zündapp model 200S £183/2/6

Zündapp Combinette £81/10/-

Zündapp Combimot

Fietsmotors £39/-/-

A. T. LUKE & KIE.

APTEEK

ook

● GRAMMOFOONPLATE

Gewone- en
Langspeelplate.

J. P. van der WALT APTEEK

Kerkstraat 161 — Potchefstroom

„ONDERSTEUN 'N OUD-
P. U. KANER!“

Ek voorsien ALLES wat van
'n APTEEK verlang word.

J. TOD SUTTIE.

Komplete

Mansuistrusters

Vir al u KLERASIE en ander
benodigdhede.

Kerkstraat 177 — Telefoon 1,
POTCHEFSTROOM

DIE BULT

Algemene Handelaar

Von Wiellighstraat 46,

Foon 2025.

KRUIDENIERSWARE,
SIGARETTE en LEKKERS
RUDGE FIETSE en FIETS-
ONDERDELE

HAROLD'S AUTOMOBILE SERVICE STATION.

Kerkstraat 220 — Telefoon 1293

Potchefstroom.



Voorraadhouers van alle
Onderdele en bykomstighede
vir u Motor, Trekker, ens.

KOM SIEN ONS—

vir al u

● Fotografiese

en

● Aptekersbenodigdhede.

GEEN & VELLEMAN

Kerkstraat,

POTCHEFSTROOM.

Vreugdedag verloop suksesvol

Studente ondersteuning teleurstellend

27 April en die Pukke sak Klerksdorp binne om Vreugdedag te vier! Goed afgewerkte sierwaens, lagwekkende kostuums, klinkende kollektiebussies en die publiek moet wegkruip of hulle word leeggemak.

Maar Vreugdedag is nie net 'n vlot-optog nie. Kan 'n mens Hennie se bekommerde gesig van die afgelope paar dae vergeet? Of kan jy help om te glimlag as Maarten so knaend vragmotors soek?

So het die Pukke die afgelope week vlotgebou en kostuums gemaak en Saterdagoggend vroeg-vroeg in die pad gespring Klerksdorp toe. By die Padkafee is die vlotte vir oulaas opgeknep en dit was werklik 'n mooi gesig om ons sierwaens so in 'n ry te sien staan. Dan voel jy volwaardig Puk!

Nadat die vlotte en kostuums beoordeel is, het die optog onder leiding van mnr. L. A. S. van Wyk, ondervoorsitter van die Vreugdedagkomitee, die dorp binnegegaan. Gedurende die proses van uitskud het alles goed verloop en die Puk kan heeltemal tevrede wees met 'n baie suksesvolle Vreugdedag.

Ook die Pukkieverkope het baie goed afgeloop en hier kan 'n mens seker nie nalaat nie om, behalwe die Pukkieredaksie, die name te noem van mnre. Casper Lessing en Johan van der Vyver, asook die Voorsitter van die Vreugdedagkomitee, mnr. Hennie van der Walt. Dit was te mooi om te sien hoe ywerig almal meegehelp het om 'n sukses van die dag te maak.

Drie gelykwaardige pryse is toegeken aan die drie beste vlotte, nl. aan Amie van Wyk (Sentraal-Wes-Koöperasie) vir die besafgewerkte vlot; Bouke Spoelstra (C. J. van der Westhuizen, algemene handelaars) met sy Tiger Oats advertensie vir die oorspronklikste vlot; en die Aptekers (De

Bruynskoewinkel) vir die lagwekkendste vlot.

Die beoordeelaars was van mening dat die vlotte oor die algemeen baie goed was en dit was vir hulle baie moeilik om drie uit te kies aangesien die advertensies van du Rai's Bloemiste, De Winter's Garages en Jansens Motoronderdele die prysweners opdraend gegee het.

Ook die kostuums is baie moeilik beoordeel en die paar wat daar was, was werklik oorspronklik. Dit is baie jammer dat soveel studente in gewone drag gekollekteer het. Hier is vier gelykwaardige pryse toegeken, nl. aan mej. Adelaide le Roux, Piet van Heyningen, Kruger van Niekerk en Frans Steyn.

Volgens mnr. Amie Venter, penningmeester van Vreugdedagkomitee, het die straatkollekte 'n bedrag van £250 opgelewer. Dit gaan gedeeltelik aan die Klerksdorp Kinderhawe en gedeeltelik aan die Trans-Oranje Skool vir Doves.

Die kollektiebriewe wat aan die eerstejaars uitgedeel is het 'n totale bedrag van £1020 opgelewer.

So het die Pukke nog 'n suksesvolle Vreugdedag van stapel gestuur.

MAAR WAT SÊ DIE PUKKE DAARVAN?

Mnr. Hennie van der Walt, voorsitter van die Vreugdedagkomitee is van mening dat alles baie vlot verloop het. Die sierwaens en kostuums was baie oulik. 'n Mens kon sien dat die vlot-hoofde baie moeite gedoen het en hulle het beslis grotendeels bygedra tot die sukses wat behaal is. Dit is egter



Mnr. Hennie van der Walt.

'n betreurenswaardige feit dat so 'n minimale getal kollektante opgedaag het. Beide die gesindheid van die publiek en studente sal moet verander om Vreugdedag 'n sukses te maak.

Mnr. van der Walt is oortuig dat dit baie duidelik geword het dat daar resolusionêre veranderings aangebring moet word in die metodes wat tot dusver gevolg is, aangesien Vreugdedagkomitee nie 'n ondergeskikte komitee is nie, maar te doen het met die insameling van geld vir liefdadigheid sowel as vir die Universiteit.

Mnr. Louw van Wyk, Ondervoorsitter van die Vreugdedagkomitee, het in 'n onderhoud verklaar dat hierdie Vreugdedag 'n les vir almal inhou. Die weinig wat meegehelp het, kon sien dat iets gedoen KAN word (aan hulle ons hartlike dank!). Die Massa wat nie wou meegehelp het nie kan sien dat sonder die hulp van almal nie iets groots tot stand gebring kan word nie (aan hulle ons hoop vir die toekoms!).

Mnr. Dirk Postma, ondervoorsitter van die S.R., meen dat by die vlotte 'n groot mate van oorspronklikheid aan die dag gelê is. Sommige vlotte was besonder netjies afgewerk, Hy wil die die Vreugdedagkomitee van harte gelukwens met die gladde verloop van die organisasie. Hy betreur dit egter ook dat so min Pukke teenwoordig was. Nogtans het diegene wat wel daar was, die naam van die P.U. vir C.H.O. hooggehou. Dit was ook opgemerk dat Klerksdorp ons so goed ontvang het.

Mnr. F. W. de Klerk sê dat alles goed georganiseerd was. Dié wat deelgeneem het het hulle volle gewig ingegooi en hulle deel goed bygedra. Die benadering van die hele Studentemassa was egter nie na wense. Algemeen gesproke was dit nogtans 'n sukses en hy en sy meisie het dit ten volle geniet.

Gert Hattingh: Alles het goed verloop en die publiek het ons goed ontvang. Die verspreiding van die kollektante was miskien nie na wense nie. Die vlotte was oulik.

OOSTHUIZEN Kole-agentskap.

Kerkstraat 104—Telefoon 312
POTCHEFSTROOM.

PRO REGE-PERS Boekhandel en Antikwariaat.

vir al u

Wetenskaplike Boeke en Skryfbehoeftes.

Kerkstraat 95 — Telefoon 1164

Studente . . . !!

vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodighede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

BESOEK ONS EN WEES VERSEKER VAN GOEIE DIENS!

POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL

Kerkstraat 126—Telefoon 497

Rita Robertse: Die vlotte was goed, asook die kostuums. Daar was net te min mense en nog minder kostuums.

Wouter de Vos: Algemeen gesproke was dit 'n sukses. Ons moet net die gees opknep. „Die Pukkies” het goed verkoop en dit was lekker om die Braganzawa te bestuur.

Ester Buitendach: Dis net soos Wouter sê, en dit was lekker om in die Braganzawa te ry.

Helena Kirstein: Dit was baie lekker.

Marianne Stiglingh: Ek dink dit hang van jouself af of jy iets geniet of nie. Vir my was dit baie oulik en ek het dit baie geniet.

Ten slotte wil die Vreugdedagkomitee graag almal wat deelgeneem het baie hartlik bedank. In besonder ons dank aan die P.U.-owerhede wat ons so tegemoetgekom het met die toetse, asook Prof. Van Rooy en die huismoeders vir hulle tegemoetkomendheid tydens die bou van die vlotte; die beoordeelaars, mnr. Randles, burgemeester van Klerksdorp, Ds. A. A. Venter, Mnr. Coert van der Walt, en hulle gades; die verkeerspolisie vir hulle gewaardeerde hulp; en die publiek vir hulle welwillendheid.

Mnr. Hennie van der Walt wil ook graag die lede van sy komitee en al die ander wat meegehelp het, verseker van sy hartlike dank.

Van ons kant dan ook aan u ons hartlike dank, mnr. Van der Walt. Sonder u bekwame leiding sou Vreugdedagvierings nie so suksesvol kon afloop nie.

(Berig deur I. van der Walt.)



'n Netjies afgewerkte sierwa tydens die optog.

Van Studenteraadsweë

Dat die nabye toekoms die Afrikaanse Studentebond voor menige uitdaging en toets gaan plaas, is vir enigeen wat die Negende Bondskongres kon bywoon, al iets vanselfsprekends. Vir die wyse waarop die afvaardiging van die P.U. vir C.H.O. bygedra het veral tot die voorbereidingswerk in hierdie verband, ons opregte waardering.

'n Handdruk van gelukwensing in besonder aan mnre. J. D. van der Vyver en F. W. de Klerk, onderskeidelik President en Direkteur vir Studie en Navorsing, vir die eer—en verantwoordelijkheid—wat hulle te beurt geval het om in die komende jaar prominent aan die roer van sake te mag staan. En aan die leier van die P.U.-afvaardiging, mnre. D. Postma, 'n hartlike dankwoord vir die deeglike uitvoering van sy pligte, binne en buite die kongressaal.

Waar die studente van die P.U. vir C.H.O. in die verlede die Afrikaanse Studentebond steeds na aan die hart gedra het, g'o en vertrou ons dat die offers wat die toekoms mag vra, vrymoediglik gebring sal word. en dat die Tiende Bondskongres in April 1958 Potchefstroom se deure—en harte—in alle opsigte oop sal vind.

VREUGDEDAG.

Die ware P.U.-Kners wat mnre. H. J. D. van der Walt en sy komitee vrug op hulle arbeid laat sien het, verdien in so 'n mate ons dank dat dit onbillik sou wees om hier spesifieke vermeldings te maak. Laat dit egter nie by nabetragting bly nie. Mag die voorbeeld van die handjievol wat werklik tot die daad oorgegaan het, duidelik weerklank vind in die toekoms. Want die bousteen van ons studente-lewe is en bly die individuele student.

Aan die publiek van Klerksdorp wat met 'n glimlag die hand in eie boesem gestee het en muntstukke en note na vore gebring het: dit was 'n voorreg om in u gasvrye midde 'n goeie saak te kon dien.

INTER-UNIVERSITÊR.

Sake van wenslike belang vir ons studentegemeenskap, is tans in hierdie verband onder die aandag van die Studenteraad. Hieroor later egter meer.

Dit word weldra ons voorreg om twee besoekende studente vir ongeveer 'n maand in ons midde te mag hê. Dus vertrou dat die tyd van samesyn vir sowel mnre. Harry Brinkman (Nederland) en dr. Johan Flerachers (Vlaandere) as vir ons studentegemeenskap in gelyke mate aangenaam en leersaam sal wees.

En dan, op 17 en 18 Mei, U.O.V.S.

as ons gaste om vriendskapsbande te hernu en gesonde studente-sportmanskap in ware studentegees te beoefen.

SPORT.

Want in hierdie verband rus die verantwoordelijkheid swaar op die skouers van veral hierdie twee studentegemeenskappe. Oor beginsel-sake verskil ons selde—en ons benadering van sport het 'n beginsel-saak geword wat in woord en daad volle aandag verdien. Mag 17 en 18 Mei dan 'n praktiese illustrasie wees van beginsel-vaste sportmanskap.

Vir dit wat ons sportklub in hierdie opsig reeds gedoen het—en nie in die minste nie deur positief aan te toon dat beginselvaste sportmanskap nie neerlaag op neerlaag impliseer nie—ons dank en waardering.

Dit is goed dat daar gedink, gepraat en geskryf word oor hierdie saak. Mag die daad—en veral dan as voorbeeld—egter nooit uitbly nie. Omdat hulle dit ook in inter-provinsiale rugby nie nagelaat het nie, 'n besondere woord van gelukwensing aan Hendrik Erasmus en Bussie Bothma.

HALFJAARVERSLAG.

Hiermee geskied kennisgewing aan alle liggame wat onder patronaat van die Studenteraad staan dat hulle halfjaarverslae

(a) die periode tot en met 8 Mei moet dek; en

(b) in die geval van Hoofliggame en komitees van die Studenteraad, liefs voor Vrydag 24 Mei by die S.R.-kantoor ingehandig moet wees om vervolgens ten tye van 'n Spesiale Studenteraadsvergadering op Maandagaand 27 Mei om 7.00 nm. in S.R.-kantoor deur 'n persoon wat deur die verslaggewende instansies self aangewys word, aan die Studenteraad voorgelê te word.

Hierna sal die Halfjaarverslae ter insae van enige ingeskrewe P.U.-student in die S.R.-kantoor beskikbaar wees vir 'n tydperk van minstens 7 dae. Soos reeds aan u bekend, het die Studenteraad besluit om af te stap van die gebruik om teen die einde van

Menslike Gesag.

Prof. L. J. du Plessis voor Korps oor „Staking en Boikot”.

Die tweede hoofstuk in die reeks oor die arbeidsvraagstuk, in Woensdagaand, die 17e April, op 'n Korpsvergadering deur Prof. L. J. du Plessis gelewer. Die spreker het die oorspronklike opskrif van „Staking en Boikot” gewysig na „Staking en Uitsluiting”, aangesien boikot as sodanig niks met arbeid te doen sou hê nie.

GESAG EN MAG:

Gesag dwing nie, maar verwag dat iets gedoen sal word, terwyl mag eis dat iets gedoen sal word. Gesag soos dit uitdrukking vind in die samelewing in die gesagsamp het sy oorsprong in God, en is dus iets wat eerbiedig moet word. Voor die aangesig van God is alle mense gelyk. Die Calvinisme erken hierdie fundamentele gelykheid, maar erken tewens met ewe veel klem die fundamentele ongelykheid tussen mens en mens—dit vind ons openbaar in die gesagverhouding onder mense.

STAKING: Verset teen gesag:

Ook in sy gehoorsaam-wees aan die gesagsdraer is die gesagsonderdaan verantwoordelik: laasgenoemde mag geen onreg duld nie!

Die verset moet egter deur die regte kanale gelei word: persoonlike beïnvloeding van die gesagsdraer, propaganda teen sy verkeerde beleid, lydelike verset is daarna onder sekere omstandighede toelaatbaar en uiteindelik is georganiseerde lydelike verset (o.a. stakings) as laaste middel soms toelaatbaar as uiterste middel.

'n Gewettigde verset kan deur stemreg uitgeoefen word. Die vraag bly: **wanneer moet gestaak word?** Eers dan as die staking gerig is op noodsaaklike verbetering in werksomstandighede en alle onderhandelinge op niks uitgeloop het.

Junie 'n Halfjaarverslag aan die massa voor te lê.

DRIE MAANDE.

Vir ons studentegemeenskap het die werksjaar wat in September 1956 'n aanvang geneem het, gekruip tot weinig meer as 'n skamele drie maande.

Laat die stille werksaamheid van die skof wat verby is, dan in die een wat voorlê tot volle afronding kom.

Want dienaars is ons, ook in ons studente-lewe. En die tyd van ons rentmeesterskap snel ten einde.

En hierin dan, alle sterkte.

T. v. d. W.



Prof. L. J. du Plessis.

Posisie in Suid-Afrika:

Die posisie in Suid-Afrika, waar die natuurlike die meeste arbeiders uitmaak, is anders as in Europa, omdat die natuurlike geen stemreg het nie! 'n Staking onder natuurlike is glad nie onmoontlik nie.

Vir die Calvinis geld oor die algemeen die beginsel, dat die gesag van God op die mens daal. Die uitoefening én die eerbiediging daarvan beteken onderwerping aan die wil van God!

INGRAM SE BOTTELSTOOR

INGEVOERDE

en

KOLONIALE

- Wynsoorte
- en
- Spiritualieë

BRIEWEBUS

BACH

Waar is ons gees?

Uitspan 10,
P.U. vir C.H.O.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad”.

Geagte Heer,

Het dit nie tyd geword dat ons onself moet oriënteer ten opsigte van die gees in ons studentelewe nie? Moet ons nie **nou** poog om 'n kern-gesonde studentelewe daar te stel nie? Dit is die groot vraag!

Kyk maar na die gees tussen die mans en dames; tydens die massafiek, in die kafeteria. Hoe vergelyk ons belangstelling in ons eie studenteaktiwiteite met die van vroeër jare? Ons moet liever die huidige individualisme inboet en 'n algemene eenheid en saamhorigheid daarstel.

Die verslakte gees in ons Studentelewe het weer duidelik na vore getree tydens die afgelope Vreugdedagviering, en dit is betreurenswaardig dat hierdie verskynsel selfs bespeur is by die Redaksie van „Die Wapad”. Is dit nie 'n aanklag teen ons studentelekoerant as daar bv. byna geen aandag gegee word aan ons Vreugdedag-

vierings nie? Dit is tog immers een van dié studente-aangeleenthede van die jaar.

Die spontaneïteit ontbreek vandag by ons studente. Waar is die dae van die „gaaie”? Waar is die dae van die ware hof van Hades? Hierdie gebrek aan spontane handeling is die wortel van die kwaad.

Laat ons 'n besliste poging aanwend om weer die ware gees eie aan ons universiteit in sy ere te herstel. Ons is en bly tog immers Studente!

Kom, Pukke, laat ons weer 'n eenheid bewerkstellig en saam die lewe geniet hier op die Puk.

Dankie vir plasing.

L. A. S. van Wyk.
H. J. D. van der Walt.
I. van der Walt.

[Die kwessie van ons „Studentegees” geniet prominente aandag in die verslag insake moontlike „Reorganisasie van die Studentelewe”. Om klaarblyklike redes sal dit goed wees om na byna 'n jaar weer aandag aan hierdie saak te gee. (Red.)]

By die Aptekers!

P.U. vir C.H.O.,
Potchefstroom.
29 April 1957.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad”,
P.U. vir C.H.O.

Geagte Meneer,

Dat die Vreugdedaggees vanjaar enigsins te kort geskiet het, veral gedurende die vlotbouery, sal niemand wil betwis nie. Daar bestaan natuurlik versagtende omstandighede, soos die feit dat slegs een aand hieraan bestee is, die dames slegs tot elfuur die aand kon help, ens.

Maar juis daarom het die gees wat die aptekerstudente openbaar het, my opgeval. Die ligte luim en gesonde skerts waarmee hulle die aptekervlot aangedurf het, het dit vir die toeskouers baie aangenaam gemaak om 'n oomblik by hulle aksieterrein (in die omgewing van Uitspan) te vertoef en saam te skerts. Maar wat veral getref het, was die gesindheid wat die vyf dames-aptekerstudente openbaar het op die dag van die Vreugdedag self. Terwyl die tekens van min slaap en min entoesiasme by die meeste studentelewe duidelik sigbaar was, het hulle getoon dat hulle die Vreugdedag geniet

en het hulle die Vreugdedag nie alleen vir hulleself nie, maar ook vir andere wat dit opgemerk het, baie aangenaam gemaak.

Ons hartlike dank en gelukwensing aan die aptekerstudente. Hulle is vir die Puk somaar 'n aanwinst.

Nie-'n-Apteker-nie.

(Vervolg van kolom 4.)

(3) Hookaai se siening van die skeiding tussen studentelewe en die akademie, staaf juis die stelling wat ek maak: 'n nouer verband tussen „studentelewe” en die akademie, sal die klugtige toestand wat tans heers, verhelp. 'n Goeie balans moet ons probeer handhaaf tussen hierdie twee hooffterreine van die lewe aan die universiteit. Dan eers sal ons met reg „die studente jeug” genoem kan word.

In hierdie verband kan ons 'n les leer van die A.S.B. ('n tak waarvan aan die P.U. onder patronaat van die S.R. staan) wat op die kongresse d.m.v. fakulteitskonferensies en kunsfeeste, erkenning verleen aan alle aspekte van die studentelewe. (Red.)

met Erekleurbaadjie.

Duskantanderkant,
P.U. vir C.H.O.
25 April 1957.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad”,
P.U. vir C.H.O.

Meneer,

As reaksie op u hoofartikel van 27 Maart jl. het in die uitgawe van 12 April van „Die Wapad” 'n brief verskyn. Maar geeneen van hierdie sienswyses bevredig my nie.

Laat ons die saak maar duidelik onder oë sien: aan die P.U. vir C.H.O. woed daar 'n heftige stryd, 'n stryd tussen die student se plig t.o.v. die akademiese bedrywighede en wat ons gewoonlik as „studentelewe” bestempel. En ek glo dat min betoog vereis dat e.g. bene-in-die-lug die onderspit delf en slegs as 'n remskoen aan die wa van laasgenoemde bly voortbestaan.

Nou kom hier 'n eerstejaar aan, vas van voorneme om 'n sukses van sy vertoewe hier as student te maak. Al dadelik merk hy dié twee sake—en nou kies hy ten gunste van die akademie. 'n Ander kies ten gunste van die „studentelewe”. Laasgenoemde kom die studentehandboekeksamen met vlieënde vaandels deur en voldoen ook pragtig aan die vereistes wat aan hom gestel word om kleure te dra—soos sake nou staan. En aan die einde van die jaar druipe hy eweneens met vlieënde vaandels. Eersgenoemde eerstejaar kom, wanneer hy hier aanland, baie gou onder die indruk van die geweldige sprong tussen matriek en eerstejaar. Sommer binne 'n paar maande roes hy met sy neus tussen die boeke vas, woon geen studentevergaderings by nie, druipe die studentehandboekeksamen maar slaag die einde van die jaar.

Watter een van hulle het sy plig as eerstejaarstudent reg gesien? Geen een van beide nie, maar aan dié een wat sy eerstejaar druipe word kleure toegeken; hy is 'n volwaardige P.U.-kaner.

Dit het hoog tyd geword dat ons as studentegemeenskap aan die P.U. vir C.H.O. weereens ons deeglik verantwoordwoord van waar ons roeping werklik lê as ons onself voortaan nog studente wil noem. Of, as dit wat hierdie woord as inhoud het, ons dan nie meer pas nie, waarom huigel ons? Waarom nie 'n woord soek wat beter pas by dit wat ons daarmee wil uitdruk nie?

As dit gebeur het, sal dit vir ons nodig wees om ons stemme te verhef om erkenning van akademiese pres-

tasies op 'n kunsmatige wyse nie, want dan sal dit spontaan kom.

Ja, oor die wenslikheid van kleure spesifiek op Culturele gebied swyg ek liever: Vondel of Bach met 'n Springbok-kleurbaadjie

Dankie vir plasing,
Die uwe,
Hookaai.

* * *

Graag verwys ek hier na die brief van mnr. J. D. van der Vyver wat in die vorige uitgawe van „Die Wapad” onder die opskrif „Kleure en Akademie is Apart” verskyn het.


In verband met die hoofartikel en die briewe, die volgende:

(1) In die artikel word alleen twee aspekte van die verhouding van kleure en akademie bespreek. Kleure en kulturele aangeleenthede kom nie ter sprake nie. Indien u reken dat dit eerder die saak van kleure en kulturele aangeleenthede is wat aandag behoort te geniet, kan ek nie anders as om dit toe te juig nie. My verskoning vir die blykbaar foutiewe aanhaling van mnr. Van der Walt se woorde in verband met erekleure en kulturele aangeleenthede.

(2) Die stelling dat 'n druipeeling geen volwaardige PUK kan wees nie, verdien verdere verduideliking. Indien die stelling die inhoud het wat mnr. van der Vyver daarin sien, is dit nie regverdigbaar nie. Ter verduideliking dan: Weens gebrek aan ruimte kan stellings in die hoofartikel nie juis omskryf word nie. Daarom is dit so wyd gestel. Die bedoeling was alleen dat persone wat wel die verstandelike vermoëns en alle geleenthede gehad het om die eerste jaar te slaag, tog druipe, nie ware P.U.-Kaner kan wees nie.

Omdat dit egter so moeilik is om te bepaal watter druipeeling nou eintlik sy bes gedoen en wie nie, sal dit tog nodig wees om die beleid deur te voer om nie kleure toe te staan aan diegene wat die eerste jaar gedruip het nie. Indien 'n persoon wat gedruip het die moed aan die dag lê om na die PUK terug te keer, sal die feit dat hy nie 'n kleurbaadjie kan dra nie, die laaste ding wees om hom te ontmoedig. Vir die ander tipe vir wie die studentelewe eerste kom, sal die vooruitsig om sonder kleurbaadjie te bly indien hy sy eerste jaar druipe, as aansporing dien om meer aandag aan sy studies te gee.

(Vervolg op kolom 2.)



Geslaagde uitvoering deur Collegium Musikum

Die uitvoering van die Collegium Musicum, op Woensdag-aand 24 April het groot byval gevind.

In die eerste plek, die uitvoering deur die stryk-ensemble, o.l.v. mnr. Wegelen, van die Simfonie in A maj. van Tartini, en die Holberg suite van Grieg: alhoewel hulle soms onseker was, en dit af en toe geblyk het dat hulle mekaar nie mooi kon vind nie, het hulle tog soms baie mooi hoogtepunte bereik. Veral in ag geneem dat dit nog 'n jong ensemble is, kan daar in die toekoms veel van hulle verwag word. In hulle begeleiding van die twee konserte, nl. die viool-konsert van Bach en klavierkonsert van Händel, waarin Derch Ochse en Pieter Snyman respektiewelik die soliste was, was hulle baie meer seker. Hulle begeleiding was hier werklik simpatiek, en hulle het mekaar bepaald ook beter gevind. Die soliste was albei van puik gehalte. Hulle spel was besonder fyn afgewerk, en dit was 'n genot om daarna te luister.

Drie liederes van Eugene Goossens is gesing deur Marie Serfontein-Theron. Haar stembeheer was pragtig, en

die feit dat haar optrede nie so indrukwekkend was nie, is nie te wyte aan haar sang nie, maar aan die stof wat sy moes vertolk. Met 'n gelukkiger keuse van haar stof sou sy 'n hoogtepunte kon gewees het.

Dieselfde geld vir 'The Silver Swan' van Gibbons wat deur die koor o.l.v. Pieter de Villiers gesing is. Die bou van die komposisie is nie vlot nie; dit skep die indruk van verwildering wat nie aangenaam aandoen nie. Afgesien hiervan egter was die optrede van die koor in een woord gesê, skitterend. Die afritsing was fyn, en dit is geen wonder dat die gehoor hulle na hul laaste nommer, „Now is the month of maying”, weer teruggeroep het. Hulle verdien dit sekerlik. Kritiek op die koor? Net een ding, hulle kan baie meer vriendelik wees!

Oor die algemeen kan ons dus sê dat dit 'n geslaagde uitvoering was—'n uitvoering wat inderdaad die aanmoediging van 'n stampvol saal verdien het(?)!

(Vervolg van bladsy 7.)

toe hy in die **DRAMATIESE MONOLOG** die eerste plek verower het.

REDENAARS:

Wie sê die Pukke kan nie op 'n verhoog praat nie? Ook hier het Andre Brink met sy voorbereide toespraak die louere weggedra. In die afdeling **ONVOORBEREIDE TOESPRAKE** het Thos Liebenberg eerste gekom.

MUSIEK:

Met haar viool het Susan Sauer-mann hier vir haar Alma Mater roem ingeoes deur die ander almal uit te stof, terwyl Ansa Opperman voor die klavier die derde plek verower het.

FOTOGRAFIE EN SKILDERKUNS:

Met 'n paar baie mooi foto's het Christi Roode in hierdie afdeling sukses behaal en sowel die eerste as die derde plek verower. Jurie G. Venter het die afdeling **IMPRESSIONISTIESE SKILDERKUNS** al die pryse weggeraap. Ongelukkig het hy onderskrifte by sy skilderye gehad en gevolglik is elkeen wat 'n prys verower het een plek af gemerk.

FAKULTEITS-KONFERENSIES.

As daar 'n afdeling van hierdie kongres is waarop die Pukke tegelyk met trots en tog ook met teleurstelling kan terugkyk, dan is dit hierdie fakulteitskonferensies. Met trots aan die een kant, omdat ons so goed verteenwoordig was en beslis die leiding kon neem. Maar met teleurstelling aan die ander kant omdat die ander inrigtings hieraan so min aandag gegee het.

Daar was selfs gevalle waar slegs die verteenwoordigers van hierdie universiteit en die voorsitter op die konferensie (as mens dit dan nog 'n konferensie kan noem) teenwoordig was.

Dit is werklik jammer as ons dink hoeveel kosbare ure bestee is aan die uitwerk van daardie referate. Laat ons egter hoop dat hierdie toestand in die toekoms sal verbeter.

Wat wel vrugte opgelewer het is die samesprekings oor studentepublikasies. Hier kon die publikasies van ons onderskeie sentras vir hoër onderwys met mekaar vergelyk word en ons hoop dat u die vrugte van hierdie samesprekings ook eersdaags in hierdie blad en in ons ander publikasies sal kan opmerk. Ons kan altyd van ander leer.

ARCADIA
Dames- en Mans-
HAARKAPPERS
VIER GEKWALIFISEERDE
HAARKAPPERS TOT U DIENS.

„Netheid en Kwaliteitswerk”
is ons leuse.

Rokersbenodigdhede en
Fantasiegoedere

TURKSTRA
BAKKERY

(Edms.) Bpk.

Kerkstraat 61.

RAADPLEEG ONS VIR . . .

● BROOD

en

● ALLE KOEKSOORTE.

ELKE DAG VARS

DIE BULT
SKAATSBAAN
„PUKKE ondersteun ons vir
AANGENAME
ONTSPANNING”

Oop vanaf 7.30 in die aand



VAN DIE REDAKSIE

P.U. vir C.H.O.,
2 Mei 1957.

Geagte Pukke,

Soos u seker sal merk, begin dinge met u koerant nou agtermekaarkom. Ons waardeer u belangstelling asook die woorde van bemoeidiging, kritiek en waardering wat ons van tyd tot tyd ontvang het.

Van die beloofde uitbreiding in die rubrieke kon niks kom nie, weens die gebrek aan ruimte. Tans probeer ons maar om soveel moontlik nuus te plaas en die gevestigde rubrieke uit te bou en waar moontlik uit te brei en die gehalte te verhoog. Sohet ons in die laaste uitgawe die „Van Studenteraadsweë” in 'n aantrekliker vorm aan-

UNIE BAKKERYE

Posbus 244 — Foon 167 en 1086.

BROOD, KOEK en PASTEITJIES.

Bakkers en Banketbakkers
vir alle geleenthede

TROU, VERJAARDAG- en
DOOPKOEKE.

Kerkstraat 60, Potchefstroom.
Spoorwegstraat, Klerksdorp.

WESTVAAL

Studente !!!

VIR KWALITEIT

DROOGSKOONMAAK

STUUR NA

WESTVAAL

JAY'S GARAGE

(K. NODEL, Eienaar)

Lombardstraat 5, Foon 175,
POTCHEFSTROOM

Voorraadhouers en Handelaars in

- MASSEY-HARRIS TREKKERS
- PLAASGEREEDSKAP,
- PLANTERS en STROPERs,
- S.A.F.I.M. en WILDBOAR-
IMPELEMENTE, ens.

gebied. Indien u nie saamstem dat dit 'n aantrekliker vorm was nie, sê dit dan. Tans is die plan om hierdie rubriek meestal in so 'n ligte luim aan te bied, hoewel dit van tyd tot tyd nodig sal wees om terug te keer na die ou paaië—soos u wel in hierdie uitgawe sal sien.

Hoewel die besigste kwartaal van die jaar al 'n endjie gevorder het, wens ek u hiermee alles van die beste toe en hoop dat u lekker sal werk en nog lekkerder sal Intervarsity hou. In hierdie verband sal ek graag wil meld dat ons voornemens is om op die aand van Intervarsity 'n intervarsity-uitgawe van „Die Wapad” uit te gee. Ons hoop dat ons 'n goeie afsetgebied sal hê en dat u 'n mooi aandenking sal hê van nog 'n sege van ons Alma Mater.

Soos u in hierdie uitgawe sal sien, is daar 'n heeltemal lywige korrespondensierubriek. So 'n reaksie op sake wat ons Alma Mater raak, is werklik bemoeidigend. Miskien is dit juis die openbaring van 'n nuwe gees. Aan die medewerkers sê ons dankie en versoek ander persone wat iets op die hart het, om ook van hulle te laat hoor.

In hierdie verband egter 'n vriendelike dog dringende versoek: alle stukke bedoel vir plasing (dit sluit natuurlik briewe in) moet óf getik óf in drukskrif wees. By die set van die stof lewer die gewone handskrif ontsetten-de probleme op.

Persoonlike berigte uit die Republiek: Ag Skone Boland.

Sy Eksellensie, die President, Dr. D. V. dan ver Jyver LL.D., het sy residensie se naam verander na VYVERRENBOSCH. (Hy het glo onder dieselfde bos gaan sit as Oom Simon.)

Sy Edele, die Vise-President en Eerste Minister, mnr. Waart dan ver Tjalt, S.R., het hom weens ouderdoms-probleme aan die Staatsbeheer onttrek.

Mnr. Pirk Dostma, Minister van onderwys, Kuns en Wetenskap, het glo aandeel uitgeneem op 'n nuutgekwakte blom wat opspraak verwek het onder die Republikeine.

Jonkheer Balk Schuys, direkteur van die bekende lugvaartmaatskappy, POMPENVLEUGEL, was op besoek in ons Republiek. Hy het samesprekings gevoer met ons eie lughoof, Gommandant(ie) Wokkie dan ver Talt.

Mnr. Kefwee de Lerk het 'n groot vissery in die Skiereiland aangekoop. Hy wil dit glo uitbrei na die oostelike dele van die Vaalrivier.

Mnr. Wouw van Lyk is aangewys as reisvader vir alle toekomstige toere binne die grense van die Republiek. (Ons wag in spanning om te hoor wie is reismoes.)

Die bekende atleet, mnr. Cirk Doetsee, het ongelukkig nie 'n plek verower op die onlangse Spolimpiese Ele nie, aangesien een van die beoordeelers, mej. Mathy Cortimer, van mening was dat hy maar 'n stadige kèrel is!

Mej. Laleen van Dingen word knaend opgemerk in die geselskap van die bekende stiervegter, senior Wohan dan ver Jalt. (Hulle wil seker 'n ekonomiese skermklub stig.)

Ons verstaan die bekende „whispering baritone” Brans de Huyn en die ster uit GAY NIGHT, Cietie Poetsee, gaan saam die JAMAICA nagklub open. Worst Hiese sal as danseres optree. (Daar sal seker genoeg snookertafels wees!)

Mnr. Smassie Rit en mej. Diekie Rekker het 'n prys verower as die gelukkigste paartjie in die republiek. Aan die anderkant het mnr. Schans Frutte die VROLIKE OIJONGKÊREL prys verower.

LAAT BERIG.

Drie persone is bekroon met die Orde van die Silwerblaar. Hulle is mnr. Habie Elberg (nou Lord Cableway), mnr. Ries Dyssel (nou Lord Wellington) en mnr. Widyll dan ver Alt (nou Lord Belville).

Al drie Lordskappe is toegeken weens dapperheid. Dié aan Lord Cableway weens dapperheid tydens die bou van die sweefspoor (Ook maar bang, né); dié aan Lord Wellington vir dapperheid tydens die aanval op Wellington; dié aan Lord Belville vir dapperheid tydens die groot seeslag van Belville waarna hy 'n eetmaal vir die oorlewendes gereel het. (Hy was die enigste wat nie verdrink het nie.)

Verder is die titel N.K.P. aan al drie here toegeken!

DIE SOEKLIG oor ons sosiale Skinderkolom

Asof gradedag nie net 'n bewys is van wat hulle op akademiese gebied kon behaal nie, het verskeie dames ook met tasbare bewys voor die dag gekom van hulle amoreuse prestasies. Ons praat natuurlik van mense soos Magita Stoker wat verloof geraak het aan Johan Buys, Lea Coetzee aan Louis Jordaan en Mione Smit aan Dirk du Toit.

Saam met die winter wat naderkom, kom ook die vrees dat die visdam se water darem baie koud gaan word, en daar is 'n paar paartjies wat betyds nog gekys het, terwyl die warm weer voortduur. Hulle is Colinie Kruger en Ferdie du Plessis, Eugenie de Klerk en Tinie Potgieter, Surette Heyns en Chris Naude, Marietjie Botha en Henk Denkema, Leendert van Dalsen en Wouda van der Walt.

Ons het tot dusver nog geen ampelike aankondigings om te maak i.v.m. sosiale aangeleenthede wat voortspruit uit die A.S.B.-kongres te Stellenbosch nie, behalwe dat almal wat dit bygewoon het die week baie geniet het en nog lank met blink ogies daaroor sal praat.

Die Soeklig was werklik teleurgesteld oor die Pukke se gebrek aan belangstelling en gees by die massaflik. Die Geselligheidskomitee het baie moeite gedoen en daar was net geen reaksie by die studente nie.

As daar van Jool gepraat word, kry ons eintlik skaam, veral as ons dink aan die teleurstellende feit wat die Voorsitter van die Vreugdedagkomitee genoem het, nl. dat daar maar 'n power 137 Pukke Saam gejoel het. Aan die wat wel Klerksdorp toe was: Mooi skoot—die Klerksdorpers sal julle nie sommer vergeet nie.

Cassawali keer terug.

Met 'n bly laggie het Cassawali op die oggend van 14 April saam met die treinrook en roet by die treinvenster ingewaaie gekom. En meteens bevind hy hom in die teenwoordigheid van die De Vosse en Buitendachs wat hulle in die gangetjie staan en verlustig oor die feit dat altwee saam na Stellenbosch gaan. Dit blyk gou dat twee mense hier bekwaam is om die situasie te hanteer en daarom verdwyn derdemannetjie Cassawali gou in die eerste kompartement. Die rondliggende hoenderbeentjies en broodkorsies getuig van die vroulike inwoner se eetlus en toe Cassawali later aan hierdie stewige maaltyd terugdink, het hy gewonder hoekom Dalene van Lingen dit nog nodig gevind het om die eet-salon so knaend te besoek saam met haar inponerende, rankerige metgesel.

Waarlik, op Paarlstasie sien Cassawali hoe die verhaaltjie van die muis wat as weldoener van die leeu optree, hom voltrek: terwyl die ranke gestalte van Jurie Gouws-Venter begelei deur 'n gedetermineerde dienaar van die gereg, in die stasiegebou verdwyn, kom die forse gestalte van Rassie net so gedetermineerd agterna om reddingswerk te gaan doen.

Op Stellenbosch na 'n aaklige nag in 'n plek waar die „dag altyd breek” en die Maties dus heelnaag luidkeels beswaar maak in holle geskreue teen die vreemde indringers, klop Cassawali die baba van die toer, Kruger van Niekerk, vertroostend op die skouer as

hy wil beswyk onder die gewig van Thalia se doodkiste. Dan bevind hy hom uiteindelik op die dinee waar hy sien dat As Burger helaas vir die Pukke verlore is weens sy loyaliteit aan en ook dat Dries Yssel 'n nuwe bron van vreugde put uit die ogies van 'n Mej. Ferreira van Wellington! Schalk Buys vind die okasie so „zeer nais”, dat hy dit moet uitsnik en Ma Herrie voel in haar skik om 'n ogie oor die kabinet te hou. Daarby het sulke veterane soos onse Kaptein van die Grootraad, Oom President en F. W. sy hart laat swel van trots want hulle hou almal wakker en tevrede!

Ja, Cassawali het bedroef gevoel toe hy weer met die vuil treinrokke moes meng om die terugtog te onderneem. Gelukkig het Dries Myburg, in beknopte toestand, die goeie gees gaande gehou met vurige betogings oor etiese beginsels.

Tuis in Pukland was daar weer vir Cassawali genoeg afleiding want hy kon hom siek lag vir die snaakse mense met die vreugdedagoptogte. Daar was so 'n vet verpleegster wat vreeslik „shine gevang” het en Cassawali het hom lamgeskrik vir Rooikappie se wolf wat nou eers sy ware kleure wys en Sibil kom dit nie eers agter nie.

Deesdae leuk Cassawali se voete so van al die rondswerf, daarom het hy besluit om volgende keer saam met die toneelspeler Johnny Johnson met regisseur Willie van der Bank, na die Vry Staat te gaan.

P.U. Stoeiklub lewer twee kampioene.

Gedurende die interuniversitêre stoei-Kampioenskappe wat vanjaar vir die eerste maal hier gehou is, het die P.U.-stoeiers gewys dat dit nie kwantiteit is wat tel nie, maar wel die kwaliteit. Die kampioene is Wynand Putter en Dokkie Coetzee. Die Pukies kon die skild nie wen nie, maar het dit duur verkoop. Stoeiers wat mooi vertoon het is Marthyn Viljoen,

Koos van Niekerk, C. Botha en Cornelius Steenkamp. Ons sien 'n groot toekoms vir W. Putter en Dok Coetzee.

A'les loop vlot onder die bekwame leiding van die kaptein Piet Brand. Die stoeiklub lewer bewys van sy vermoë en hoop dit sal 'n advertensie wees vir toernooie wat in die toekoms gehou sal word.

”DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE”

Beyers Claassen

KERKSTRAAT

B.Sc. (S.A.)
M.P.S.A. CERT. MY.
M.P.S.S.A. INST. P.

(U.S.A.)

POTCHEFSTROOM



VOETBALSEGE....

Pukkies op dreef.

Liga-voetbal het vanjaar vir Theos op 'n hoë noot afgesit toe hulle eers vir Western Reefs (8—6) en daarna Potch.-dorp (9—0) en Lichtenburg (9—5) onder stof geloop het. Nieteenstaande die prestasies sal die Pukkies moet leer om laag te vat en die gapings toe te stop. Tans staan Theos bo-aan die punteleer met drie agtereenvolgende oorwinnings, terwyl die ander spanne elk reeds een neerlaag gely het.

Hendrik Erasmus het vanjaar puik heelagterspel gelewer en dan ook ons hartlike gelukwense aan hom met sy insluiting in die Wes-Transvaalspan. Ook aan die Kaptein, **Bussie Bothma**, gelukwense met sy insluiting in die B-span en **Piet Steinberg** as reserwe van die B-span. Mooi so, kêrels!

NAVY.

Navy was vanjaar ongelukkig om hul wedstryd teen Western Reefs met 11—9 te verloor. Nietemin het hulle goed vertoon en met meer afronding en hegte spel sal hulle in die vervolg moeilik geklop word.

FIRES EN TEKKIES.

Hierdie twee spanne kry vanjaar swaar weens 'n gebrek aan belangstelling. Dit is betreurenswaardig om so min spelers op die oefenveld op te merk. Fires het dan ook 17—15 verloor teen Western Reefs en Tekkies moes dan ook die onderspit delf teen Wolmaransstad se derde span met 8—3.

ONDER-19.

Onder-19A het weereens hulle krag bewys deur Klerksdorp met 20—3 die loef af te steek. Die spannetjie vertoon puik en gaan van krag tot krag voort.

Onder 19-B moes egter met 'n gelykopbeslissing (11—11) tevrede wees teen Strathvaal.

Getrou aan tradisie wemel dit weer van Pukkies in die Wes-Transvaal onder-19-span. De Wet Kruger, Herman Venter, Michael Hattingh, „Hasie” Howell, Louis Fourie en Koos du Plooy, baie geluk met jul insluiting in die Wes-Transvaalspan!

MANSHOKKIE

In die eerste wedstryd van die jaar het die Pukkies Rustenburg aangedurf en ook die oorwinning behaal met vier doele teen nul.

Gedurende die eerste helfte van die wedstryd wou sake maar nie vlot nie. Met die aanbreek van die ruspouse was die telling nog 0—0. Met die aanvang van die tweede helfte het sake egter anders gestaan en is vier doele ingeryg. Die manier waarop die doele aangeteken is dui daarop dat Hokkie vanjaar groot hoogtes gaan bereik. Doele is behaal deur Horst Wiese (2), Piet van Wyk (1) en Paul de Bruyn (1). By tye is skitterende stukkie individuele spel gelewer. Christi Coetzee en Gert Snyman het ook goed vertoon.

2-DE SPAN.

Die tweede span het hul eerste wedstryd van die seisoen gewen deur met Viljoenskroon 3—0 af te reken. Soos gewoonlik aan die begin van 'n seisoen is ook hierdie wedstryd gekenmerk deur 'n gebrek aan samespel en afronding.

Die doele is aangeteken deur Petrie Theron (2) en H. Denkema (1).

„Klein” Dalrymple.

Atlete maai onder rekords

Tydens 'n uiters geslaagde atletiekbyeenkoms wat Saterdag, 13 April op die Park-ovaal plaasgevind het, het nie minder as 19 junior-Dalrymplerekords gespat, waaronder vier Dalrymple-rekords. Die weersomstandighede was ideaal en die mededinging besonder skerp.

Bekende deelnemers onder wie Willem van Heerden, Danie Burger, Bertie Oberholtzer, Esther Roodt, Elaine Barker en George Day, het deelgeneem en mooi prestasies gelewer.

Die byeenkoms is gewen deur Wits (81 punte), met Tukkie (60) tweede, U.O.V.S. (38) derde en P.U. (28) vierde. Danie Burger, Day en Elaine Barker het hoofsaaklik gesorg vir Wits se oorwinning.

UITSLAE.

Die rekords wat geslaan is, is die volgende: Hoogspring: Otto (U.P.) 6' 1 $\frac{3}{8}$ "; Dameswerpskyf: E. Roodt (P.U.) 117' 4 $\frac{1}{2}$ "; 100 tree (dames): E. Barker (Wits.) 11.5 sek.; 1 myl: P. Lawrence (Wits.) 4 min. 39.4 sek.; Driesprong: Burger (Wits.) 47' 2"; 440 tree: Day (Wits.) 48.8 sek.; gewigstoot (Dames): G. Kotze 39' 11"; Spiesgooi (mans): W. van Heerden (P.U.) 196' 7 $\frac{1}{2}$ "; 80 meter hekkies: H. Venter (U.O.V.S.) 12 sek.; Spiesgooi (Dames): Muller (U.P.) 111' 1 $\frac{1}{2}$ "; 220 tree (Dames): Barker (Wits.) 25.9 sek.; 880 tree: Oberholtzer (U.P.) 2 min. 0.7 sek.; Werpskyf (mans): Malan (U.P.) 157' 8 $\frac{1}{2}$ "; 220 tree hekkies: Herman (U.P.) 24.8 sek.; 2 myl: Burgess (Wits.) 10 min. 4sek.; Verspring: Boonzaai (P.U.) 22' 11 $\frac{1}{2}$ "; 440 hekkies: Herman (U.P.) 56.5 sek.

Die Pukkies se span vertrek op 2 Mei na Pietermaritzburg waar hulle aan die Dalrymple sal deelneem. Alle sterkte Pukkies, en mag dit goed gaan met julle!

DAMES HOKKIE

In die eerste ligawedstryd wat op Saterdag 13 April, gespeel is, het Potch. Dorp die P.U. Dameshokkieklub met 'n telling van 3—1 geklop.

As dit nie was dat die Pukkies a.g.v. 'n misverstand vir 'n tyd lank met tien speelsters klaargekom het nie, sou die telling seker veel anders gewees het. Hoewel die voorlyn in hierdie wedstryd nie heeltemaal goed gekombineer het nie vermag ons om hierdie moeilikheid binnekort uit die weg te ruim. Die verdediging was so goed dat ons nog veel vermag in die toekoms.

Weereens kan ons die name van Octavia Lombard en Elize Louw noem as die uitblinkers van die dag. Die enigste doel vir die Pukkies is geskiet deur Elize.

MET APOLOGIE.

Dit is onder die aandag van die redaksie gebring dat 'n fout in „Die Wapad” van 15 Maart ingesluit het. Die heer wat die massa toespreek het as verteenwoordiger van die Trans-Oranje Skool vir Dowes se van is Vaughan en nie Born soos in genoemde uitgawe gemeld is nie.

Baie dankie.

Geniet die Meesterstuk ...in die Meester Grootte



Rembrandt
MEESTERS
FILTER DE LUXE

DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE

Kopiereg

RMFA 5